# Kouland 2

## Episode 8: Taai Toffie

**Kerngedagte :** Skuldgevoelens is ''n baie taai toffie om aan te kou. Dit kan ons vinnig laat voel dat die fout wat ons gemaak het verander in ''n fout wat ons geraak het.

**Doelwit :** Kinders gaan nadink oor die manier waarop hulle skuldgevoelens hanteer



**Sleutelteks:** Johannes 3:17

**Bybelverhaal:** Jesaja word geroep - Jesaja 6

Watter soort toffie was al die taaiste vir jou om aan te kou? Miskien 'n lekker Wilson Toffie wat al bietjie oud geword het en kliphard is? Miskien 'n fizzer wat so taai is dat dit sommer aan jou tande vassit. "'n Toffie so taai dat jy skoon soos 'n bees voel wat loop en herkou.

Skuldgevoel kom wel nie in ''n toffie geur nie, maar dit is sekerlik een van die taaiste toffies wat elke mens al herkou het in hul gedagtes en harte. Dit het die manier om elke mens tot stilstand te bring, want hoe meer mens dink aan dit, hoe dieper kan skuldgevoel oorneem. Dit is eers wanneer mens kniediep in die skuldgevoel kom wat ''n mens werklik in gevaar is. Die fout waaroor jy skuldig voel verander van die fout wat jy gemaak het – na die fout wat jy geraak het. Dit is wanneer skuldgevoel oor ''n saak op die 'n punt gekom het waar jy nie verby jou fout kan leef nie.

Hoe dink die Here dan oor die skuldgevoelens waarmee ons rondloop? Alhoewel ons 'n God van liefde en vergifnis dien, kan Hy jou nie loskoop van jou sonde indien jy Hom nie toelaat nie. Die Heilige Gees plaas dikwels swaar dinge op ons hart wat ons maklik skuldig kan laat voel. Dit is juis in Sy lig wat die donker foute wat ons maak uitgelig word. Sou die Here dan wou hê ons moet rondloop en herkou aan ons foute en onsself dieper in ons skuld toe grawe? Sou so ''n mens daadwerklik die roeping kan uitleef wat die Here op sy/haar lewe geplaas het as jy ''n gevangene van jou eie foute is?

Jesaja is een van die mees bekende profete van die Ou Testament. In Jesaja 6 lees ons dat die Here aan Jesaja verskyn het. Toe Jesaja die Almag en Glorie van die Here aanskou het, het hy hard uitgeroep *"dit is klaar met my."*

Jesaja het net daar besef hoe vol sonde en onrein hy is. Toe hy die volmaaktheid van God aanskou, kon hy nie langer voor die Here wees met al sy foute en sonde nie. Die Here stuur toe ''n spesiale engel af na Jesaja om sy lippe met ''n koolvuur aan te raak. Die engel sê toe vir Jesaja "*Nou dat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe en jou sonde versoen.*" Die Here het daarna gevra wie bereid sal wees om gestuur te word. Jesaja het met groot vreugde uitgeroep dat die Here hom moet stuur. "*Hier is ek Here, stuur my.*"

Baie keer dink ons dat skuldgevoelens 'n slegte ding is. Ons wil dit liefs vermy of selfs onsself uit die skuldgevoel praat. Ander kere kies ons om aan die skuldgevoel te herkou en dit te oordink. Ons raak so vasgevang in die fout wat ons gemaak het, dat ons kies om self die fout te raak. Ons straf onsself en haal onsself uit die geleentheid uit om diensbaar te wees, omdat ons nie verby die fout kan leef nie.

Waarom sal die Here dan vir ons skuldig laat voel oor ons oortredings net sodat dit soos ''n vonnis oor ons kop kan hang? Die waarheid is dat skuldgevoel nie 'n vonnis is nie, maar wel ''n uitnodiging. Wanneer jy met skuldgevoel in ou hart loop, nooi die Heilige Gees jou uit om jou foute en skuldgevoelens na Jesus toe te bring. Hy het reeds die prys betaal om jou los te koop. Om die skuld langs jou naam af te skryf en ''n nuwe begin te gee.

Johannes 3:16 is een van die mees bekende stukke in die Bybel. Ons lees daar dat God die wêreld so lief gehad het dat Hy Sy enigste Seun prysgegee het om ons te red. In vers 17 brei hierdie stuk uit oor die uiterstes wat Jesus sal deurgaan om ons te red. Hy het nie gekom om ons te veroordeel oor die oortredings wat ons gedoen het nie, maar het juis gekom om ons te red daarvan. Wanneer ons soos Jesaja besef dat ons te onrein is om voor God te verskyn, kom ons tot die besef dat niks van ons oortredings, skuldgevoelens of sonde vir Hom weggesteek kan word nie. Jesaja het Homself voor God oopgemaak sodat God sy totale hart kon deursoek. Toe stuur die Here ''n spesiale engel om Hom aan te raak en Jesaja is vergewe. Wanneer ons op die punt kom om te besef dat niks van ons foute vir God onbekend is nie, kan ons ook werklik ons totale hart voor Hom oopmaak. God het reeds Sy Enigste Seun gestuur om jou lippe en jou hart aan te raak en jou te vergeef van die dinge wat jou hart vuilmaak. Die vraag is, kan jy jouself nou vergeef deur die redding wat daar in Jesus is?

Glo jy werklik dat die Kruisdood van Jesus genoeg wat om jou te red van jou oortredings? Glo jy werklik dat totale vergifnis sonder veroordeling gebeur wanneer jy jou sondes voor Sy voete bring? As jy dit werklik glo, kan jy ook soos Jesaja jou hand opsteek en sê "Here, hier is ek, stuur my."

# 1. Ontmoet & Groet

### 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

Welkom in Kouland, ons eie lekkergoed fabriek.  Jong ons het vandag 'n lekker soet boodskap wat wag, so kom ons kry gou onsself gereed met 'n lekker

## Koubouterstrek:

1. Kom ons draai in die rondte en draai en draai en draai en STOP. EN na die ander kant toe draai en draai en draai en stop.

2. Kom ons rol nou lekker ons skouers om en om en om (Aanbieder: oegh nee dankie)

3. Kom ons haal lekker diep asem in 1...2...3.. en asem uit

4. Laaste moet ons bietjie ons knieë teen ons maag trek. Eers die een knie en dan die ander knie.

Daarsy! Laat ek bietjie sien. Nee wat dit lyk of julle nog so bietjie aan die slaap is.  Kom ons sing eers bietjie 'n liedjie saam:

**Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.**

# 2. Grootgroep Aanbieding

(Laat 'n helper eenkant sit en so bietjie hartseer lyk)

Goeiemôre julle,

Man ek is so bly om julle te sien vandag. Ek het die slapies gestel om weer saam julle te kuier. Vandag doen ek net al die dinge wat my gunsteling dinge is om te doen.

- Ek kuier saam julle – dit is duimpie op (laat kinders saam jou duime in die lug hou)
- Dan gaan ek en my maats by ons huis gaan kuier  - dit is duimpie op
- Dan gaan ons lekker swem – dit is duimpie op
  EN
- Dan gaan ons roomys eet – dit is sommer 4 keer duimpie op 1...2...3...4

Dit klink mos net soos die perfekte dag né? En nou (helper se naam) Wat is nou fout? Moenie vir my sê jy eet nie meer roomys nie?!

**Helper:** Nee dis nie dit nie. Ek dink net nie ek gaan saamkom vandag nie

Ag nee, wat het dan gebeur? Jy hou mos baie van swempartytjies?

**Helper:** Ek het altyd daarvan gehou, maar nou voel ek net sleg as ek aan swempartytjies dink.

Ag nee man, was die water dan koud by die laaste swem partytjie?

**Helper:** Nee, ek het iets baie verkeerd gedoen. Ek neem al baie lank swemlesse so ek swem baie goed. Ek het vir 'n maatjie gelag wat net op die trappies sit en nog sukkel om te swem.

O gonnas ja dit was nou nie baie mooi om te doen nie.

**Helper:** Ek weet. Ek het baie lank gebid en vir Jesus gevra Hy moet my help. EK het al vir die maatjie jammer gesê ook, maar elke keer as ek aan ''n swem partytjie dink dan dink ek aan hoe lelik ek was.

Ooooooo ek sien wat hier aangaan. Toemaar (helper) kom sit hier by die maatjies, ek wil jou graag vertel wat het ek al geleer van skuldig voel.

(Daar sal ''n doringtak wees vir illustrasie)

Maats, wat beteken dit om skuldig te voel? (laat kleuters toe om te antwoord). Ja, as mens skuldig voel dan voel mens sleg oor iets wat jy gedoen het. Dit voel amper soos 'n groot doring soos hierdie (wys doringtak) wat in jou hart kom sit het. Dit maak sommer dat jou maag ook draai. Wie van julle het al so gevoel?

Maats, ons almal het al iets gedoen wat nie reg was om te doen nie. As mens dit klaar gedoen het, dan begin mens sleg voel...OM skuldig te voel is soos om ''n doring in jou hart te kry. Wie van julle het al in ''n doring getrap? (laat kleuters toe om te antwoord) Wat dink julle gebeur as mens ''n doring binne in jou voet los? (laat kleuters toe om te antwoord) O gonnas, jy sien! Later kan mens nie loop nie, want jou voet is te seer. Nou presies dieselfde ding gebeur as mens skuldig voel in jou hart los. Spring gou op

1. ***Wys met wysvingers na slape***
   Dit begin mos eers in jou kop. Jy sê vir jouself dat dit wat jy gedoen het nie reg was nie

2. ***Plaas beide hande op jou hart en sak af***
   Dan beweeg dit oor na jou hart toe, jou hart begin swaar voel

3. ***Hou hande op maag en wieg heen en weer***
   Dan voel dit of jou maag draai en jy kry nie asem nie


4. ***Plaas hande op knieë en wikkel jou knieë***
   Partykeer sak dit sommer af na jou knieë toe ook, dit voel of hulle soos jellie begin bewe

Met wie het dit al gebeur? (laat kleuters toe om te reageer) Maatjies, dink julle dit is ''n goeie of ''n slegte ding as ''n mens skuldig voel of sleg voel omdat jy iets gedoen het wat nie reg was nie?

Julle is reg. Kyk gou wat het ek hier in my hand. Dit is die uitnodiging wat ek uitgestuur het vir my maatjies om na my swempartytjie toe te kom. Wie van julle het al ''n uitnodiging gekry om na ''n partytjie toe te gaan? So wat is ''n uitnodiging? (Laat kleuters toe om te antwoord.) Ja, julle is slimmies. ''n Uitnodiging word spesiaal vir iemand gegee om hulle te nooi om iewers heen te gaan.

Nou dink julle Jesus wil hê ons moet altyd sleg voel oor dit wat ons verkeerd gedoen het. Dink julle Jesus sal wil hê ons moet met ''n skuld doring in ons hartjies loop? Nee glad nie. Hy weet dat skuldig voel groei en groei in ons harte en later voel ons of ons niks meer kan doen nie. Sien maatjies, om skuldig te voel is eintlik ''n spesiale uitnodiging van Jesus af om vir ons te sê dat ons na Hom toe moet gaan met daai skuld doring in ons harte. Jesus wil graag hê dat ons moet agterkom dat ons iets verkeerd gedoen het MAAAR dan wil Hy hê ons moet na Hom toe gaan dat Hy ons kan help... Maatjies het jy geweet daar is 3 dinge wat Jesus belowe wanneer ons kies om ons skuld vir Hom te gee.

Verduidelik die konsep deur die volgende prente te gebruik



1. **Trek die doring van hart die af.**
   Hy belowe dat as ons kies om vir Hom te vertel van die lelike dinge wat ons gedoen het, dan sal Hy ons vergewe en nooit weer daaraan dink nie. Hy trek daai doring van skuld heeltemal uit

2. **Hou pleister prent wat onder die doring was op die hart, moet nog nie aftrek nie**
   Hy belowe dat as ons Hom vertrou, dan sal Hy ons wys hoe om dinge reg te maak met iemand wat ons dalk seergemaak het

3. **Trek die pleister van die hart af, daar is ''n kruis onder die pleister geplak**
   Hy belowe dat Hy vir ons vrede sal gee, sodat ons nie weer hoef sleg te voel nie en ons hartjies sal skoon en nuut wees

Kyk nou net die mooi skoon gesonde hart wat Jesus se vrede in het. Daar is niks meer skuldgevoel en sleg voel in hierdie hart nie.

Maatjies, baie keer dan doen ons dit so bietjie anders om...

1. **Plak doring prent eerste op die hart**
   Ons voel baie sleg oor dit wat ons verkeerd gedoen het, maar dan is ons bang Jesus gaan ook kwaad wees vir ons, so ons loop rond met die skuld doring in ons harte en dit word net erger en erger

2. **Plak pleister bo-op die doring**
   Ons voel later so sleg dat ons dinge reg wil maak met ander mense. Baie keer dan vergewe hulle ons, maar ons loop nog rond met daai skuldig voel in ons harte.

3. **Plak kruis bo-op die pleister**
   Later dan besluit ons dat ons na Jesus toe kan gaan want ons het mos dinge reggemaak met die ander maatjie. Al vergewe Jesus vir ons, vergewe ons nie onsself nie. Ons kies om vas te hou aan daai doring wat in ons harte vassit. Nou maatjies, lyk hierdie vir jou soos ''n gesonde hart? Hierdie hart is nie gesond nie, hy kan nie werk soos hy moet nie...

Haai, amper vergeet ek van my lekkergoed wat ek vir julle gebring het...

**Deel vir elke kind 'n toffie uit.**

Maats, skuldig voel is soos ''n taai toffie. Mens kan nie mooipraat as daar ''n taai toffie in jou mond is nie. Mens kan ook nie voluit lewe as daar ''n skuld doring in jou hart is nie. Kom ons doen ''n toets. Julle moet nou elkeen hierdie toffie begin kou, maar jy mag hom nog nie insluk nie.

Spring gou op dan sê julle saam met my die volgende, MAAR jy moet die taai toffie in jou mond hou en jy mak nie jou tande van mekaar afhaal of jou tong beweeg as jy praat nie:

**Skuld is swaar** *(duimpie af)*
**en sleg** *(ander duimpie af)*
**Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*

**maak harte** *(vou een hand in op hart)*
**Reg** *(vou ander hand in op hart)*

Haai, ek kan glad nie hoor wat julle sê nie. Daai taai toffie keer dat julle mooi kan praat. Amper soos wat ''n skuld doring maak dat mens nie voluit kan leef nie. Maatjies Jesus wil nie hê jy moet alleen loop met jou skuldig voel nie. Net soos wat jy nie met ''n doring in jou voet kan loop nie, moet jy nie met jou skuldig voel nie. Jy moet dit vir Hom gee...kom ons sê nou weer wat ons wou sê, maar die keer moet die taai toffie weg wees uit jou mond uit...

**Skuld is swaar** *(duimpie af)*
**en sleg** *(ander duimpie af)*
**Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**maak harte** *(vou een hand in op hart)*
**Reg** *(vou ander hand in op hart)*

Pragtig. Maatjies, hoor nou net hoe mooi praat julle. Niks taai toffies wat julle monde vashou nie.

Sit gou maats, ek wil julle vinnig vertel van iemand wat een keer vir God al sy skuld dorings gegee het.

**(Haal feltbord items uit)**

Sy naam was Jesaja sê gou bietjie Jesaja. Nou Jesaja het met ''n grooooot skuld doring in sy hart geloop. Hy sê vir God dat Hy nie goed genoeg is om God se werk te doen nie, want hy het al baie verkeerde dinge gedoen.

Maats, toe stuur God 'n spesiale engel om aan sy mond te raak. God sê toe vir Jesaja dat alles wat Hy verkeerd gedoen het vergewe is. Toe vra God, wie sal ek stuur om vir mense van my te vertel.
Maats spring gou op en steek jou hand op en dan sê julle saam met my Hier is ek Here

Hier is ek Here! Dit is wat Jesaja geskree het want hy het agtergekom dat God sy hart gesond gemaak het.

So, (helper se naam) jy hoef nie meer sleg te voel oor die dinge wat jy verkeerd gedoen het nie. As God jou vergewe dan maak Hy jou hart heeltemal skoon. Hy haal daai skuld doring heeltemal uit.

**Helper:** Haai, ek het so vasgehou aan my skuld doring dat my hart nie gesond was nie. Jesus het my lankal vergewe. Ek gaan vandag vir almal leer swem by die swempartytjie!

Wonderlik, dankie dat julle kom saam leer het maats, kom ons maak iets spesiaal om die boodskap te onthou

# 3. Kleingroep aanbieding:

## Aktiwiteit 1 - Taaiste toffie om te kou.

1. Maats kom ons sê gou weer wat ons geleer het vir mekaar, maar ons asof ons ''n taai toffie in ons monde het. Jy mag nie jou tande afhaal van mekaar af nie en ook nie jou tong beweeg nie.

   **Skuld is swaar** *(duimpie af)*
   **en sleg** *(ander duimpie af)*
   **Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
   **maak harte** *(vou een hand in op hart)*
   **Reg** *(vou ander hand in op hart)*

2. Kom ons probeer dit nou sê sonder dat iets jou keer om dit te sê:

   **Skuld is swaar** *(duimpie af)*
   **en sleg** *(ander duimpie af)*
   **Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
   **maak harte** *(vou een hand in op hart)*
   **Reg** *(vou ander hand in op hart)*

3. Maatjies, om skuldig te voel is soos om ''n doring in jou hart te hê. Wat gebeur as mens nie ''n doring uit jou voet haal nie? Ja, mens kan later nie loop nie. Jesus wil jou help om die skuld doring uit te haal, dinge reg te maak me. tjou maats en dan belowe Hy om vir jou vrede te gee. Kom ons maak iets spesiaal om die boodskap te onthou.


**Instruksies:**

1. Deel vir elke kind ''n hartevel uit
2. Deel vir elke kind 1 stelletjie notablasye uit.
3. Laat kleuters nou notablaaie plak in die middel van die harte.
4. Gaan deur elkeen van die bladsytjies om seker te maak dat die kleuters die konsep verstaan.
5. Deel vir hulle ''n inkleurvel van Jesaja uit.
6. Maak seker die kleuters liasseer beide bladsye in hul Bouboeke










Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!

Om met skuldgevoel te sukkel is 'n ernstige saak,
dit is taaier as 'n toffie wat jou kake vas laat haak.
Dit is soos 'n groot doring wat in jou hart gaan sit
die enigste manier om dit weg te kry, is om daaroor te kan bid.


**Skuld is swaar** *(duimpie af)*
**en sleg** *(ander duimpie af)*
**Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**maak harte** *(vou een hand in op hart)*
**Reg** *(vou ander hand in op hart)*




| | | |
|---|---|---|
| **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** | **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** | **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** |
| **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** | **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** | **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** |
| **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** | **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** | **Om skuldig te voel is soos om ‘n doring in jou hart te kry** |

| | | |
|---|---|---|
| **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> | **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> | **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> |
| **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> | **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> | **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> |
| **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> | **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> | **Jesus wil jou gesond maak, dinge regmaak en jou van skuld bevry**<br> |


**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**




**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**




**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**




**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**




**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**




**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**




**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**



**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**



**As jy Hom vertrou, vergewe Hy jou en sal Hy jou in Sy vrede toevou!**



| | | |
|---|---|---|
| God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 | God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 | God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 |
| God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 | God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 | God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 |
| God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 | God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 | God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red. – Johannes 3:17 |

Sondag 05 Maart

# Naam:........................................

## Jesaja bring sy taaiste toffies - Jesaja 6

Toe Jesaja die Here op Sy troon sien sit,
val Hy neer en begin hartseer daaroor te bid,
"Dit is klaar met my, ek is verlore",
want Jesaja besef hy is in sonde gebore.
Nou dat ek die Almag van my Here kon sien,
is ek heeltemal te sondig om Hom te kan dien.
Die skuld, seer en sonde begin Jesaja toe te pak,
soos die taaiste toffie wat sy kake vas laat haak.
Die Here stuur toe 'n spesiale engel, om sy lippe aan te raak.
Jou oortredings is vergewe, jou sondes is versoen,
laat jou skuld jou nie langer keer om die Here se wil te doen.
"Wie sal ek stuur?" vra die Here en wou weet,
"Hier is ek Here, roep Jesaja "stuur my ek is gereed!"

Stel jou saak voor die Here en maak jou hart oop,
Jesus het reeds die pad van vergifnis geloop.
Hou op kou aan die sonde wat jy dra,
Jesus wil dit wegneem as jy net glo en vra.
Mag skuld en verwyt jou nooit weer keer,
om die wil te doen van die Liewe Heer.

**Skuld is swaar**
*(duimpie af)*
**en sleg**
*(ander duimpie af)*
**Maar Jesus**
*(maak arms oop soos kruis)*
**maak harte**
*(vou een hand in op hart)*
**Reg**
*(vou ander hand in op hart)*



God het sy Seun na die mense toe gestuur, maar nie om die mense te straf nie. Nee, God het Hom gestuur om hulle te red.

\- Johannes 3:17

# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Vandag het ons geleer dat dit baie gevaarlik is om aan skuldgevoelens vas te hou. Wanneer ons self dit wil hanteer wat ons oor skuldig voel, gaan ons onsself net dieper in die skuld grou. Amper soos ''n taai toffie wat in jou tande vassit. Die enigste manie rom werklik vergewe te word van ons skuld, is om ons harte voor Jesus oop te maak.

## Koubouter Koukis:

### Ysbreker:

Om skuldig te voel is soos ''n taai toffie. Mens kan nie mooi praat as daar ''n taai toffie in jou mond is nie. Mens kan ook nie voluit lewe as daar ''n skuld doring in jou hart is nie. Kom ons doen ''n toets. Julle moet nou elkeen hierdie toffie begin kou, maar jy mag hom nog nie insluk nie.

Spring gou op dan sê julle saam met my die volgende, MAAR jy moet die taai toffie in jou mond hou en jy mak nie jou tande van mekaar afhaal of jou tong beweeg as jy praat nie:

**Skuld is swaar** *(duimpie af)*
**en sleg** *(ander duimpie af)*
**Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**maak harte** *(vou een hand in op hart)*
**Reg** *(vou ander hand in op hart)*

Haai, ek kan glad nie hoor wat julle sê nie. Daai taai toffie keer dat julle mooi kan praat. Amper soos wat ''n skuld doring maak dat mens nie voluit kan leef nie. Maatjies Jesus wil nie hê jy moet alleen loop met jou skuldig voel nie. Net soos wat jy nie met ''n doring in jou voet kan loop nie, moet jy nie met jou skuldig voel nie. Jy moet dit vir Hom gee...kom ons sê nou weer wat ons wou sê, maar die keer moet die taai toffie weg wees uit jou mond uit...

**Skuld is swaar** *(duimpie af)*
**en sleg** *(ander duimpie af)*
**Maar Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**maak harte** *(vou een hand in op hart)*
**Reg** *(vou ander hand in op hart)*

Nee, God het Hom gestuur

om hulle te red. - Johannes 3:17

1. **Sê in jou eie woorde:** *Sien julle hoe mooi kon ons nou almal hoor wat ons sê. Ons moes eers van die taai toffie ontslae raak. Baie keer wil ons nie laat gaan van ''n fout wat ons gemaak het nie. Ons weet dat Jesus sê Hy vergewe ons sonde, maar ons is te skaam om met Hom daaroor te praat. Dit is eers wanneer ons besef dat Jesus juis gekom het om al ons sonde weg te vat as ons dit vir Hom gee wat ins vergewe kan word.*

## Gaan lees Johannes 3:16-21

1. Dink julle dit is 'n goeie of 'n slegte ding om skuldig te voel? Waarom?
2. Hoe kan skuldgevoel as 'n goeie ding gesien word?
   (Uitnodiging van die Heilige Gees om met Jesus daaroor te praat wat jou sleg laat voel)
3. Hoe kan skuldgevoel 'n slegte en gevaarlike ding raak?
   (As jy nje na Jesus toe gaan met jou fout nie gaan jy later begin dink dat die fout wat jy gemaak het verander in die fout wat jy is. Jy gaan later niks meer wil doen nie en niks meer vir iemand ander wil beteken nie, want jy gaan dink jy is ''n fout)

**Wenk:** Is hierdie boek in die Ou Testament of Nuwe Testament geskryf?

4. Op watter manier vergewe Jesus wanneer ons met ons foute na Hom toe kom?
5. Waarom dink julle sukkel mense so om hulleself te vergewe?
6. Hoe kon die Here Jesaja se lewe gebruik het toe Jesaja sy foute na Hom toe gebring het?
7. Hoe kan die Here jou gebruik wanneer jy met jou foute na Hom toe gaan?
8. Hoe het God Sy liefde bewys aan ons?
9. Waarom is Jesus gestuur na die wêreld?
10. Hoe kan jy ''n taai toffie en ook hierdie vers gebruik om iemand te help wat met skuldgevoel sukkel?



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ........................................................................